# DIE GESAG VAN CHRISTUS IN ENKELE KERKLIKE GESAGSMODELLE

A. le R. du Plooy
Departement Kerkreg, PU vir CHO

ABSTRACT

Reformed church polity acknowledges a very close relation between Christology and ecclesiology, and intends to be a polity of the kingdom of God. This means the acceptance of Christ as the only Head of His church. He governs the church through the Holy Spirit and the Word of God, and by means of the ministry of the offices.

History reveals that although many systems of church government confess the Headship of Christ, analysis of these systems indicates distortions or even elimination of Christ as the one and only Head of the church.

A critical review of the systems of the Roman Catholic Church, of Lutheranism, Erastianism, Collegialism and Congregationalism shows that views concerning the authority in the church differ widely. Various forms of authority can be distinguished, i.e. the authority of the pope, office and/or church authority, state government authority in church affairs, etc.

In contrast to these viewpoints, the Reformation states that Christ has the only authority in His church. He exercises His government through the offices in the church. These offices are servants and minister His authority in the church. The only authority of the church or the offices is therefore a ministerial authority.

## 1. INLEIDING

Die Heilige Skrif openbaar onmiskenbaar dat Christus Koning is. Hy is Alleenheerser oor sy volk, die enigste Hoof van sy kerk en die Vors aan wie alle mag en gesag behoort (Matt 28:18-20; Ef 1:22; Kol 1:18).

Die Ou en Nuwe Testament verkondig die koninkryk van God; die koninkryk van God word tereg deur baie teoloë beskou as die mees sentrale en allesbeheersende gedagtelyn in sowel die Ou as Nuwe Testament (Bright, s.j.: 7-8; Helberg, 1980:4; Van der Walt, 1962:33).

Die mees fundamentele en grondliggende betekenis van die koninkryk van God is die heilryke soewereiniteit van God. God is Koning. Hy alleen regeer. In die begrip koninkryk van God word dit onteenseglik duidelik dat God in Christus heers oor die ganse skepping en veral genadiglik regeer oor sy kerk. Die gesag en heerskappy van God in Jesus Christus is die skopus van die hele Godsopenbaring (NGB, art 25; Van der Walt, 1976:15; Van der Walt, 1969:99).

Die gereformeerde ekklesiologie wil graag hierdie bibliologiese feit aanvaar en erken. Die heerskappy en gesag van Christus is die grondbeginsel van die kerkreg wat op Skriftuurlikheid aanspraak wil maak (Van der Walt, 1976:15). Dit is van wesenlike belang dat bely moet word dat Christus nie maar die hoogste Hoof van die kerk is nie, maar dat Hy die enigste Hoof van sy liggaam is.

Feitlik alle kerkregtelike stelsels of gesagsmodelle hou minstens deeglik rekening met die heerskappy van Christus, maar die geskiedenis het ons geleer dat waar die band tussen die Christologie en ekklesiologie verwaarloos of deurgesny is, dit deformerend en kerkvernietigend gewerk het (Jonker, 1965:4; Pont, s.j.: 104 e.v.).

Die uitgangspunt en doelwit van die kerkreg is en bly die gesag en heerskappy van Christus. Daarom is suiwere kerkreg in wese koninkryksreg. Dit behoort die reg en gesag van Christus as Hoof en Koning vir die kerk te ontsluit en te formuleer. Die enigste bron waaruit die beginsels van die Christusregering vir die kerk verkry en nagevors moet word, is die Woord van God.

Dit is 'n belangrike vraag in hoeverre die kerk deur die geskiedenis hom inderdaad aan die gesag van die Woord onderwerp het, en insgelyks in watter mate die kerk daarin geslaag het om die heerskappy van Christus as die enigste Hoof van die kerk, suiwer en onvervals in 'n bepaalde orde en sisteem te formuleer en te handhaaf.

Dit hang saam met die vraag hoe en waarin die gesag in en oor die kerk ten diepste begrond word. Hoewel die verskillende kerklike gesagsmodelle wat in die geskiedenis na vore gekom het, gewoonlik die Hoofskap van Christus bely, word dit tog duidelik dat die gesag van Christus dikwels verdring is: soms gaan sy gesag oor op die dienaar, naamlik op die biskop of pous (Rome); op die owerheid (caesaropapisme, erastianisme); op sinode (kollegialisme); op gemeente (independentisme)(vgl. Spoelstra, 1986:101; Smit, 1985:40).

## 2. KRITIESE OORSIG OOR ENKELE KERKLIKE GESAGSMODELLE

### 2.1 Roomse beskouing

Van der Linde (1965:81-82) en Van der Walt (1976:16; 85-98) toon aan dat hoewel die Roomse Kerk die Hoofskap van Christus aanvaar en bely, hulle tog die Hoofskap enersyds tot die vlak van die onsigbare beperk, en andersyds van oortuiging is dat Christus sy heerskappy aan die pous as die **vicarius Christi** oorgedra het. Oor die sigbare kerk wat tegelyk 'n heilsinstituut is, regeer die pous saam met Christus. In die Roomse Kerk word duidelik tussen die **ecclesia audiens** en die **ecclesia docens** onderskei. Laasgenoemde is die eintlike kerk, die hiërargie aan wie die **ecclesia audiens** gehoorsaam moet wees. Die pous is die hoof van die hiërargiese kerkinstituut, en in 'n sekere sin staan hy selfs bo die Woord, want Christus lewe op aarde in die **ecclesia docens** voort. Wanneer hy **ex cathedra Petri** spreek, is dit onfeilbaar. **Roma lucuta est, causa finita est.**

Op hierdie wyse het Rome die gesag van Christus na die pous verplaas. Ten grondslag aan hierdie dwaling lê veral ook 'n verwronge Skrifbeskouing. Die Skrif sou dan nie vir alle tye voldoende gegewens bied vir die regering en inrigting van die kerk nie. In die Nuwe Testamentiese tyd was die kerk veeleer 'n liefdesgemeenskap en 'n

pneumatiese gemeenskap wat sonder regsbepalinge gefunksioneer het. Maar Christus sou dan wel aan bestuurders en leiers die mag gegee het om te regeer. Hiervoor sou Christus hulle dan verlig en versterk. Hy sou dit doen deur op buitengewone wyse buitengewone mense uit die skoot van die kerk te verwek - of deur engele, of deur middel van sy moeder - wat ons aanroep as die hulp vir Christene (vgl. Smit, 1985:16 e.v.; Van der Walt, 1976:16).

Wanneer die Roomse Kerk dus bely dat hulle God as die hoogste outoriteit aanvaar, en dat hulle op die **ius divinum** as gesagsbron staan, is hiermee inderdaad nie alles gesê nie, en moet dit nader gekwalifiseer word.

Volgens Rome word die goddelike reg in die kerk nie beperk of gereserveer vir die heerskappy van God in Christus alleen nie, maar ook uitgebrei na die pous as God se verteenwoordiger en as 'n menslike outoriteit vir die konkrete gemeenskap op aarde (vgl. Smit, 1985:16, 17). Die gesagsposisie van die pous rus volgens Rome in die eerste plek in die Skrif self (vgl. Calixtus van Rome wat op grond van Matt 16:18 beweer dat die biskop van Rome **pontifex maximus en episcopus episcoporum** is (Seeberg, 1964:176 e.v.)). Vervolgens rus dit in die tradisie dat die biskoppe van Rome die opvolgers van Petrus, die sogenaamde eerste biskop, is volgens die leer van die opeenvolging van die apostels (**succesione apostolorum**). Verder glo Rome dat op grond van die natuurreg, die mens selfs na die sondeval nog 'n ingeskape en natuurlike regsvermoë behou het.

Die resultaat van die Roomse reg waarin die **ius divinum** in die lig van die Skriftradisie en menslike regsvermoë geïnterpreteer en geformuleer is, word kanonieke reg genoem. Hierdie wette soos vervat in die corpus (later **codex**) **iuris canonici** is dus gepositiveer vanuit pouslike dekrete, besluite van konsilies, staatswette, gewoontereg en konkordate (vgl. Smit, 1985:40 e.v.).

Hoewel Rome die gesag van die Skrif erken, is dit nie die enigste gesagsbron nie. Hulle monargale gesagsbeskouing verplaas die Christokrasie. Die amp word van die Woord losgemaak. Die pous word die hoogste en eintlike wetgewer en regter in die kerk. By Rome het

die biskop - die dienaar - koning geword, en hy regeer met twee swaarde, in die wêreld en in die kerk.

## 2.2 Lutherse beskouing

As agtergrond moet in gedagte gehou word dat vanuit die Romeinse en Germaanse tradisie aan die vorste regeermag oor kerk en wêreld gegee is. Volgens die Germaanse leenstelsel is aan die landheer die reg op die geestelike versorging van die volk gegee, en teen die einde van die middeleeue het die opvatting algemeen gegeld dat daar net een "staat" is wat bekend is as 'n corpus christianum, en een wat allesinsluitend is. Oor hierdie sigbare wêreld waarby die kerk ingesluit is, regeer die pous. Die corpus christianum is derhalwe een gemeenskap wat vanuit Rome en deur middel van die Romeinse regsisteem bestuur en regeer word. Die grense van hierdie eenheidsgemeenskap het gelê waar die grense van die pous se gesag geleë was (vgl. Pont, 1985:429-430).

Luther het hierdie corpus christianum-opvatting finaal vernietig. Toe hy in 1520 die corpus iuris canonici verbrand het, het hy op simboliese wyse al die aansprake van die pous en die kerk op die oppergesag in die kerk en wêreld, oftewel in die hele corpus christianum verbrand (Pont, 1985:430). Hy reageer skerp teen die heerskappy van die pous en stel daarteenoor die absolute gesag van die Woord. Die evangelie is die septer van die Koning waarmee Christus sy kerk regeer (Bouwman, 1928:199). Hy verwerp die aansprake van die pous op algehele heerskappy, en bestempel dit as aansprake wat op menslike reg berus. Volgens Luther is die Skrif alleen 'n openbaring van die goddelike reg, en die christene het die reg om alles duidelik aan die Skrif as die goddelike reg te toets (Bouwman, 1928:201). In die plek van die pous het Luther die Wortkönig geplaas. Die Heilige Skrif is die enigste gesaghebbende outoriteit in die kerk (Seeberg, 1964:226; Plomp, 1967:9).

Die Woord alleen regeer, en daarom moet die Woord gepreek word. Die hoogste amp in die kerk, en tegelyk vir Luther die enigste of eintlike amp, is die predikamp (vgl. Van der Walt, 1976:102; Plomp, 1967:9-11).

Vanuit die Woord aanvaar hy dat God alleen die kerk en wêreld regeer, en verklaar dit vanuit sy twee-ryke leer soos volg:

God regeer op tweërlei wyse en in twee regimente (of ryke):

- In die geestelike ryk, dit is in die kerk as onsigbare geloofsgemeenskap, regeer God deur sy Woord en Gees in die harte van die gelowiges. Hierdie regering geskied direk sonder wette of kerklike bepalinge of institute.
- In die wêreldlike ryk, dit wil sê in die sfere van die politia en economia, regeer God deur middel van die owerheid, die landsvors en wette of bepalinge wat 'n vors en owerheid mag maak. Hierdie wêreldlike regiment is eintlik die sigbare en konkrete samelewing wat derhalwe ook die sigbare kerklike lewe en bestaan insluit (vgl. Du Plooy, 1982:319; Smit, 1985:32).

Luther se twee-ryke leer veroorsaak dat hy weinig aandag aan die kerkregtelike organisasie van die kerk gegee het (Bouwman, 1928:202-203). Luther was tevrede dat die kerk deur die bediening van die Woord en die sakramente die saligheid aan hom gebied het, en daarom was hy meer in die soteriologie as in die ekklesiologie geïnteresseerd. Dit beteken nie dat hy onverskillig teenoor die goddelike reg in die kerk gestaan het nie (vgl. Bouwman, 1928:206 e.v.; Van der Walt, 1976:102). Tog het sy twee-ryke leer, sy afkeer aan die Roomse institusionalisme en die praktiese omstandighede van sy tyd, soos die armoede en anargie in Duitsland, hom verhinder om veel aandag aan die kerkregtelike organisasie van die kerk te gee (Smit, 1985:36-37).

Luther het vanweë die nood van sy tyd, en op grond van die sogenaamde noodreg, aan die vors die reg gegee om as noodbiskop op te tree (vgl. Bouwman, 1928:205).

Na sy dood het die noodbiskop steeds groter bevoegdheid en gesag in kerklike aangeleenthede verkry. Hy het op sy beurt sy gesag deur middel van konsistories en superintendente uitgeoefen (vgl. Bouwman, 1928:208 e.v.). So het die mag van die owerheid in die Lutheranisme die ontwikkeling van 'n Christokratiese regeringstelsel verder verlam. Die landsvors het 'n gesagsposisie deur middel van die konsistorie gehandhaaf, en sodoende is die weg vir owerheidsgesag oor die kerk gebaan, en die gesag op die wyse gesekulariseer (vgl. Van der Walt, 1976:104).

Tog is die gesag wat die landsvors in die kerkregering verkry het, ten diepste 'n logiese konsekwensie van Luther se twee-ryke leer (Smit, 1985:41). Hoewel hy die corpus christianum-gedagte vernietig het, het 'n nuwe gesagsmodel na vore gekom wat in die landsvors saamtrek, en wat die reg het om die godsdiens vir en van sy onderdane te bepaal (eius regio cuius religio).

## 2.3 Erastus - Erastianisme

Thomas Erastus (1520-1583) was benewens die feit dat hy hoogleraar in geneeskunde aan die universiteit van Heidelberg was, ook deur keurvors Friedrich III as lid van die Kirchenrath benoem. Hy het inderdaad 'n leidinggewende figuur in die kerklike lewe van die Pfalz geword (Pont, 1985:434).

Hy lewe in 'n veelbewoë tyd, in die tydperk toe hervormers, soos Luther, Zwingli, Bullinger en Calvyn, hulle bydrae gemaak het. Kerkregtelik sluit Erastus nou aan by die denke van Zwingli en Bullinger.

Dit is vir ons belangrik om te weet dat Erastus se siening oor die verhouding tussen die kerk en die owerheid direkte aansluiting gevind het by die teokratiese gedagte van Constantyn die Grote, wat reeds in die vierde eeu van mening was dat God aan die keiser die gesag gegee het om konsilies saam te roep en daaroor te presideer (Spoelstra, 1986:101).

Pont (1985:428-440) toon aan hoe Erastus veral gesteun het op die sieninge van Zwingli en Bullinger. Hierdie twee hervormers was van mening dat die kerk nooit as sigbare gemeenskap 'n selfstandige gemeenskap naas die burgerlike owerheid kan wees nie, en dat die owerheid verantwoordelik is vir die orde, die inrigting en selfs die finansies van die kerk. Hulle het hulle sterk laat lei deur die Ou Testamentiese gemeenskap waar die koning sorg gedra het vir die verbondsverpligtinge van die volk. Bullinger beklemtoon die gedagte dat terwyl die christelike magistraat die verantwoordelikheid vir die kerk het, hy hom deur die prediking van die predikant moet laat lei, sodat hy christelik en in belang van die kerk kan optree.

Die direkte aanleiding vir Erastus se standpunt oor die vraag wie die regeermag in die kerk het, was die calviniste in Heidelberg se voorneme om, soos in Geneve, die uitoefening van die tug in die hande van die kerkraad te lê. Hy was sterk hierteen gekant, en in sy geskrif Explicatio gravissimae quaestionis utrum excommunicatio sit hy sy gedagtes oor die tug en sy kerkbegrip uiteen (Bouwman, 1928:231; Pont, 1985:435).

Hierin betoog hy dat die Skrif slegs aan die owerheid die reg gee om oor oortredings reg te spreek. Hiervoor beroep hy hom veral op die Ou Testament.

Wat die kerk betref, onderskei hy tussen die onsigbare kerk wat die ware kerk is en die sigbare kerk. Die enigste taak van die sigbare kerk is om die Woord en sakramente te bedien, en oor hierdie diens het die owerheid geen bevoegdheid nie. Die sigbare kerk is egter 'n blote wêreldlike organisasie, en as sodanig staan dit volledig onder die gesag van die burgerlike owerheid wat van God die reg en mag ontvang het om in die wêreld te regeer.

Soos die menings van Zwingli en Bullinger daarop neergekom het dat die sigbare kerk nie 'n selfstandige gemeenskap in 'n bepaalde land kan wees nie, so het Erastus direk daarby aangesluit en gestel dat daar onder een volk en land slegs een hoof kan wees, naamlik die burgerlike owerheid, of wel die pius magistratus. Sy gesag strek hom uit oor die ganse lewe, maar hy bly op sy beurt weer gebonde aan die wet van God. Deur dit te stel, betoog Erastus dat die goddelike reg, soos in die dekaloog gegee, met die natuurreg wat in die gemeenskap geld, saamval. So probeer Erastus 'n teokratiese gemeenskap daarstel onder die gesag van die owerheid (Pont, 1985:438).

Vanselfsprekend sal die kerk staatskerk wees.

Die gedagtes van Erastus het later goed inslag in veral Engeland gevind. Die kerkregeringsvorm wat in die Anglikaanse kerk in Engeland gegeld het, was ten opsigte van die verhouding owerheid-kerk erastiaans of te wel episkopaals (Bouwman, 1928:263).

Selfs in die geledere van die remonstrante het die erastianisme na vore gekom. Daarom vind ons dat die remonstrante hulle beroep het op die gesag van die provinsiale state teen die uitsprake van die provinsiale sinodes (Spoelstra, 1986:101).

Die erastianisme het die gesag van Christus uitgelewer aan die owerheid.

**2.4 Kollegialisme**

Die kollegialisme het grotendeels geteer uit die wortels van die lutheranisme. Hoewel die kollegiale stelsel in die agtiende eeu ontstaan het, het dit eers werklik teen die tweede helfte van die negentiende eeu tot volle ontplooiing en heerskappy gekom (Bouwman, 1928:3-4). Die liberale teologie van die negentiende eeu, en teoloë soos Harnack, Baur en Ritschl was dit eens dat die kerk na sy sigbare vorm 'n gewone menslike vereniging was, 'n societas aequalis et libera wat vry is om die leiding in die kerk aan sekere begaafde gemandateerdes oor te dra (Ridderbos, 1972:289; Bouwman, 1928:215). Die beginsels van die natuurreg en die Aufklärung met die positivistiese inslag was bepalend ten opsigte van die kollegialisme (Van der Walt, 1976:105 e.v.; Popma, 1956:373).

Ons bedoeling is nie om 'n weergawe van die kollegialistiese model in sy geheel te gee nie, maar om - reeds vanuit sy wortels - aan te toon dat die goddelike reg en die Christokrasie in hierdie model totaal afwesig is (Van der Linde, 1965:79). Ons het hier in feite die toepassing van rewolusionêre denkbeelde oor die kerk, waar die kerk gesekulariseer en die kerkreg as 'n suiwer administratiewe saak beskou is.

Kuyper noem dit 'n verkleurmannetjiestelsel wat die goddelike fondament van die kerkregering verwyder het om in die plek daarvan iets rewolusionêr in te skuif; in die plek van die goddelike gesag in Christus is die outoriteit van die menslike wil gestel (vgl. Kuyper, 1883:52).

Pont (s.j.:132 e.v.) meen dat die organiese band tussen die Christologie en die ekklesiologie in die kollegialisme van mekaar losgemaak is vanweë die verskraalde Christologie van die negentiende eeu en die rasionalistiese

denke oor die kerk. Verder beskryf hy dit as 'n demokraties-parlementaristiese stelsel.

Van der Walt (1976:109 e.v.) toon aan dat dit 'n gelowige vry staan om Christus as Hoof van die kerk te erken, maar dan is Hy die Hoof van 'n aantal individue wat nie 'n organiese band met Hom en met mekaar vorm nie.

Die gesagsbegrip in die kollegialistiese stelsel is dus hoofsaaklik bepaal uit die natuurreg eerder as uit die ius divinum. Elke individu is hiervolgens in staat en vry om self te bepaal wat reg is. Rousseau met sy "**Contrat Social**" (1757) sê dat die kerk soos enige samelewingsverband op grond van 'n vrywillige kontrak, aangegaan deur mense as gelyke individue, behoort te funksioneer. Hier is die stem van die meerderheid die bepaler van die reg: **vox populi, vox Dei** (vgl. Spoelstra, 1986:102; De Wet, 1921:121).

Op grond hiervan kan die stelsel sy gesag ontleen aan enige instansie of persoon, afhangende van die meerderheid. Daarom vind ons dat die sinodes soms die hoogste gesag gehad het, en insgelyks die owerheid wat per slot van rekening verantwoordelikheid vir die kerk (soos vir enige samelewingsverband) moet aanvaar. Die kerkgeskiedenis rondom 1816 in Nederland en rondom 1804 en daarna in Suid-Afrika spreek vanself - tydperke waarin die kollegialisme die kerke van die gesag van Christus vervreem het (vgl. Van der Walt, 1976:109 e.v.; Spoelstra, 1986:103; Biesterveld en Kuijper, 1905: ix e.v.).

Dit staan op die rekening van die kollegialisme dat kerkgesag, vanuit 'n kerksentriese benadering en die verenigingsreg gestimuleer, die Christologies-pneumatologiese gesagsbegrip verdring het.

### 2.5 Kongregasionalisme

Biesterveld en Kuijper (1905:xv) beweer dat die kongregasionalisme nie in die puriteinse beweging in Engeland wortel nie, maar in die prinsipiële seperatisme van Robert Brown (vgl. hierteenoor die gedagte van Pont (1987:25 e.v.) wat puritanisme en independentisme met mekaar vereenselwig).

Die ontstaan van die kongregasionalisme is wel duidelik uit 'n reaksie teen 'n verkeerde gesagsbegrip gebore; vanuit 'n verset teen die biskoplike oorheersing van sowel die Roomse staatskerk as die episkopaalse Anglikaanse kerk in Engeland (Pont, 1987:28).

Net soos die geval by die kollegialisme is, aanvaar die independentiste dat die kerk uit 'n los aantal individue saamgestel word, en dat elkeen dit op 'n vrywillige basis self besluit (Smit, 1985:69).

Die verskillende groepe kongregasies staan onafhanklik van mekaar, en hoewel hulle bely dat Christus die Hoof van die kerk is, regeer Hy atomisties oor die aantal afsonderlike en onafhanklike kerke (Van der Walt, 1976:118-119). Elke gemeente het volledig gesag oor homself, want die gemeente is soewerein. Om hierdie rede word die kongregasionaliste soms van 'n soort volksoewereiniteit beskuldig (Biesterveld en Kuijper, 1905:xiv).

Waar die kollegialisme die soewereiniteit van die natuurreg ontleen, ontleen die kongregasionalisme dit van Christus (Smit, 1985:74-75). Christus delegeer sy gesag aan die gemeente, en geen persoon of dienaar staan tussen die Hoof en die gemeente nie. Die gesag sentreer in die gemeente alleen: wat die gemeente met betrekking tot die regering van die kerk verrig, is dan eintlik 'n daad van Christus self (Van der Walt, 1976:119). Daarom spreek hulle van die goddelike gesag van die gemeente (Biesterveld en Kuijper, 1905:xiv).

Terwyl die kongregasionaliste gepoog het om die koningskap van Christus in die kerkregering van alle menslike indringing en biskoplike oorheersing te vrywaar, het dit juis op die verdringing van Christus deur die gemeente self uitgeloop (Van der Linde, 1965:80).

## 2.6 Die reformatoriese model

Teenoor die pouslike gesag van die Roomse kerk, die owerheidsgesag (caesaropapisme) van die lutheranisme en erastianisme, die kerkgesag en/of sinodale gesag van die kollegialisme, en die gemeentelike gesag van die independentistiese kongregasionalisme, staan die reformatoriese gesagsbeskouing (Spoelstra, 1986:101).

Een van die primêre aksente wat reformatore, soos veral Luther, Bucer en Calvyn, herhaaldelik beklemtoon het, was die gesag van die Woord. Hulle is dit daaroor eens dat daar alleen van goddelike reg kan sprake wees wanneer die reg met die Woord van God ooreenstem. Enige kerkreg het alleen gesag vir sover dit met die Skrif ooreenstem (Van't Spijker, 1986:127). Hierdie standpunt vind ons terug in die Nederlandse Geloofsbelydenis (art 30), waar oor die kerk gehandel word, en bely word dat die kerk regeer moet word volgens die bestuurswyse wat die Here ons in sy Woord geleer het. 'n Kerk mag aan homself en sy besluite nie meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God nie (NGB, art 29).

Die opmerklike verskil by die reformatoriese standpunt trek veral hierin saam, in vergelyking met die ander gesagsmodelle: hier is nie sprake van die verplasing van die gesag na 'n persoon of instansie soos die owerheid of 'n sinode nie; ook nie van die delegering van gesag van bo na onder nie. By die reformatoriese standpunt is daar ook nie iets soos afgeleide gesag of kummulatiewe gesag nie. Daar is slegs sprake van ministeriële gesag, bedienende gesag: die gesag van Christus moet suiwer en alleen in en aan die kerke bedien word (Calvyn se institusie IV, 11, 1). Deugdelike kerkregering is nooit diens met gesag nie, maar diens van gesag (Smit, 1984:51).

Om hierdie rede het God die dienste in en aan sy kerk gegee om sy gesag en koningskap in die kerk te bedien. Die dienste word geroep en toegerus om die Woord te bedien, en die toets of kriterium wat aangewend moet word om te bepaal of die woord wat gespreek is, en of die besluit wat enige kerklike vergadering geneem het, gesagvol is, is om vas te stel of dit suiwer en alleen die Woord van God is wat bedien is (vgl. Spoelstra, 1986:102).

Bucer was die eerste hervormer wat die heerskappy van Christus as Hoof van die kerk in die kerkregering probeer formuleer het en nader uitgewerk het. Hy het 'n baie noue relasie tussen Christus en die ampte, en tussen Christus en sy kerk asook 'n organiese band tussen die ampte (of dienste) en die kerk as die liggaam waarbinne hulle moet dien, gehandhaaf en beklemtoon (Van 't Spijker, 1970:432-439).

Bucer meen dat die kerk direk deur die Woord en Gees regeer word, dat die dienste tussen die kerk en die gesag van die Woord en Gees inskuif ten einde juis die gesag van Christus deur sy Woord en Gees aan die kerk te bedien. Die kerk is nie daar ter wille an die amp nie, maar die ampte ter wille van die opbou van die kerk (Van 't Spijker, 1986:129 e.v.). Kerk en amp mag nie teen mekaar afgespeel word nie; waar daar alleen van gemeentreg sprake is, dreig independentisme, en waar die ampsreg geooraksentueer word, dreig dominokrasie of hiërargie (Van 't Spijker, 1986:136).

Hy beskou die **ius divinum** as die reg wat met die Woord van God ooreenstem. Hiervoor moet die Woord die bron van die ware kerkreg wees. Hierdie Woord leer dat God sy kerk deur die bediening van Woord en sakramente versorg. Volgens Bucer is die bediening van Woord en sakramente nie net die **notae acclesiae** nie, maar ook vorm dit die wesenlike elemente vir die kerkregering en van 'n kerklike orde (Van 't Spijker, 1972:29-35; 1986:127). In aansluiting hierby is dit duidelik dat die kerklike gesag volgens Bucer en Calvyn, volledig bepaal en beperk word tot die bediening van die sleutels van die koninkryk (Institusie van Calvyn, IV,3,7-8).

Bucer se oortuiginge is deur Calvyn oorgeneem en verder uitgebou. Christus alleen het volsterkte heerskappy oor die kerk, wat Hy deur sy Woord en Gees regeer. Die gesag in die kerk is volgens Calvyn dinamies: dit setel in die lewende Woord, en die dinamiese krag van die Heilige Gees; derhalwe sou ons kon praat van 'n Christokraties-pneumatiese gesagsbegrip by Calvyn (Institusie, IV, 9-10).

In sy Institusie (IV, 11,1) handel hy onder meer oor die mag (**potestas**) wat aan die kerk gegee is, naamlik om te leer, te regeer en wette te maak, en oor die sleutelmag van die kerk. Dan beskryf hy dit nie soseer as 'n **potestas** nie, maar as 'n **ministerium** van die mag en gesag van Christus.

Die dienste in die kerk moet dien in die Naam en deur die Woord van die Here. Christus self is in sy kerk deur die Woord en in die diens van die dienste teenwoordig, en daarom is hulle diens gesagvol (Institusie, IV,8,7; IV, 10, 7).

Rieker (1899:95) vat die gedagtes van Calvyn oor sy beskouing van die goddelike reg en gesag kernagtig saam wanneer hy die volgende uitspraak gee: Calvyn onderskei tussen 'n formele en 'n materiële beginsel; die formele beginsel is dat slegs dié kerkregering reg en waar is wat uit Gods Woord verkry is en wat met die orde van die vroeë kerk ooreenstem. Die materiële beginsel kan vanuit tweërlei perspektief gesien word: negatief gestel sluit Calvyn elke vorm van menslike heerskappy in die kerk uit; positief beskou, handhaaf Calvyn die volstrekte alleenheerskappy van Christus.

As Calvyn so sterk op die gesag van die Woord staan, maak dit nie van hom 'n biblisis nie. Calvyn het 'n sterk konfessionele en historiese bewustheid gehad: aan Sadoletus sê hy dat hy nie met die katolieke kerk wil breek nie, maar met die gedeformeerde kerk. Aan Pighius gee hy te kenne dat hy wel ook na die besluite van die kerk in die geskiedenis sal luister mits dit Skrifgetrou geneem is (vgl. Du Plooy, 1982:327-328).

Calvyn verwerp besluite wat op grond van kerkgesag of ampsgesag as sodanig geneem is, en daarom wil hy dit nie aanvaar dat 'n konsilie nie kan dwaal nie. Besluite van kerklike vergaderinge is altyd feilbaar (Institusie, IV, 6, 10; 9, 13).

Hiermee verwerp hy nie die funksionering van meerdere vergaderinge nie, maar dan moet Christus self die Voorsitter wees wat self deur sy Woord en Gees regeer (Institusie, IV, 9, 1-2).

Omdat die besluite van sinodes of konsilies deur die diens van die dienste (regeerouderlinge) en daarom deur mense geneem word, is dit nie net feilbaar nie, maar daarmee ook geen waarborg van 'n suiwere Christokrasie nie. Die reformatore het daarom die reg en plig opgelê om besluite te toets deurdat enige lidmaat hom op die Woord kan beroep (Institusie, IV, 8, 8; 9, 8). Calvyn verwys hiervoor ook na 1 Korintiërs 14:29 (Institusie, IV, 9, 13).

## 3. Slotopmerkings

Die gereformeerde kerkreg wil graag daaraan diensbaar wees om in diens van die ius divinum te staan, en om die reg en gedragsreëls van God soos in sy Woord geopenbaar, onder leiding van die Gees te bestudeer en te formuleer.

Suiwere kerkreg is na ons mening koninkryksreg: dit moet die reg van Christus, die enigste Hoof en Koning van die kerk in en aan die kerk as die duurgekoopte liggaam van Christus bedien. Dit behoort die gesag van Christus in sy kerk te laat deurvloei na die hele liggaam en na elke lid van die liggaam.

In hierdie proses sal gewaak moet word teen die verdringing van Christus deur allerlei gesagsmodelle wat met die verloop van die geskiedenis ontstaan en 'n bepaalde invloed uitgeoefen het.

## BIBLIOGRAFIE

BIESTERVELD, P. & KUIJPER, H.H. 1905. Kerkelijk handboekje. Kampen : Bos.

BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd kerkrecht. Eerste deel. Kampen : Kok.

BRIGHT, J. s.j. The kingdom of God. Nashville : Abingdon press.

CALVYN, J. s.j. Institutie of de onderwijzing in de Christelijke religie. Amsterdam : Bottenburg.

DE WET, C.J.H. 1921. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam : Bottenburg.

DU PLOOY, A. LE R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom. 453 p (Proefskrif (Th. D.)- PU vir CHO).

HELBERG, J. 1980. Die here regeer; openbaringslyn deur die Ou Testament. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

JONKER, W.D. 1965. Om die regering van Christus in sy kerk. Mededelings. Pretoria : Unisa.

KUYPER, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken. Amsterdam : Höveker & zoon.

PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkrecht: in opdrag van de theologische hogeschool van de Gereformeerde kerken in Nederland. Kampen : Kok.

PONT, A.D. s.j. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. Hervormde Teologiese Studies, 38(2&3):104-135.

PONT, A.D. 1985. Thomas Erastus oor die struktuur van die gemeenskap. Hervormde Teologiese Studies, 41(3):428-440.

PONT, A.D. 1987. Die vrye kerk: Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van die opvatting. Hervormde Teologiese Studies, 43(1&2):25-46.

POPMA, S. J. 1956. Aufklärung. (In Christelijke encyclopaedia, 1:373-375).

RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het koninkrijk; Jezus' prediking volgens de synoptische evangeliën; tweede onveranderde druk. Kampen : Kok.

RIEKER, K. 1899. Grundsätze reformierter Kirchenverfassung. Leipzig : Hirschfeld.

SEEBERG, R. 1966. Text-book of the history of doctrines. Grand Rapids : Baker Book House.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) - PU vir CHO.)

SPOELSTRA, B. 1986. Die kerklike appèl. (In Smit, C.J. samest. In gehoorsaamheid; opgedra aan prof. G.P.L. van der Linde. Potchefstroom.)

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, T. 1962. Die koninkryk van God - naby! Kampen : Kok.

VAN DER WALT, T. 1969. Die voleinding van die koninkryk. (In Du Toit, S., red. Die koninkryk van God. Potchefstroom : Herald.)

VAN 'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen : Kok.

VAN 'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. Apeldoornse studies no. 3. Kampen : Kok.

VAN 'T SPIJKER, W. 1986. Bijbelse motieven in Bucers opvatting van het kerkrecht. (In Smit, C.J., samest. In gehoorsaamheid; opgedra aan prof. G.P.L. van der Linde. Potchefstroom.)